**BEAUFORT-WES(T)**
**MUNISIPALITEIT // MUNICIPALITY**

**Kennisgewing // Notice No. 16/2015**

**VERKOOP VAN VAKANTE RESIDENSIëLE ERF: ERF 4492: RUSTDENE // SALE OF VACANT RESIDENTIAL ERF: ERF 4492: RUSTDENE**

Kennis geskied hiermee dat die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes die onderstaande vakante residensiële erf uit die hand uit te koop aanbied vir die doeleindes van Residensiële Sone I ontwikkeling, soos omskryf in die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes:-

| **RUSTDENE** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Erfnommer** | **Grootte $m^2$** | **Liggingsadres** | **Minimum Prys BTW uitgesluit** | **Waardasiekoste** |
| 4492 | 426 $m^2$ | Renierstraat 62 | R15,000.00 | R120.00 |

Die volgende voorwaardes is van toepassing:-

1. Die sluitingsdatum is **VRYDAG, 20 MAART 2015** om **14:00**.
2. Aanbiedinge moet op die voorgeskrewe bodvorm, wat vanaf die ondergetekende verkrygbaar is, gemaak word.
3. Aanbiedinge moet in ‘n geseëlde koevert en gemerk “Vakante Erf: Erf 4492: Rustdene” ingedien word by die Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, Munisipale Kantore, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Privaatsak 582, Beaufort-Wes, 6970.
4. Die volgende sal lei tot onmiddellike diskwalifisering:-
   - 4.1 Aanbiedinge wat deur middel van e-pos, faksimilee, telegram of enige ander manier ingedien word behalwe op die wyse soos genoem in paragrawe 2 en 3 hierbo.
   - 4.2 Onverseëlde en of ongemerkte aanbiedinge.
   - 4.3 Aanbiedinge ontvang/ingedien na die sluitingstyd en datum soos vermeld in paragraaf 1 hierbo.
   - 4.4 Aanbiedinge wat nie op die voorgeskrewe bodvorm ingedien is nie.
5. Elke voornemende koper en of sy/haar direkte familie en of enige ander regspersoon waarvan die voornemende koper die eienaar of meerderheidsaandeelhouer is, sal slegs toegelaat word om een (1) erf in die dorpsgebied te koop. Voornemende kopers kan wel ‘n aanbod maak vir meer as een erf in prioriteitsvolgorde soos aangetoon op die voorgeskrewe bodvorm.
6. Indien voornemende kopers nie die prioriteitsvolgorde uitdruklik op die bodvorm aandui nie sal die volgorde van die erfnommers aanvaar word as prioriteitsvolgorde.
7. Voornemende kopers se aandag word daarop gevestig dat ‘n bedrag van R120.00 addisioneel tot die aangebode koopsom betaalbaar is, synde waardasiekoste van die eiendom.
8. Vanaf die datum van koop, sal kopers verplig wees om binne 12 maande ‘n woning met ’n minimum waarde van R100,000.00 op die eiendom op te rig.
9. Aanvaarding van aanbiedinge sal geskied op die grondslag van hoogste aanbod met inagneming van sekere kortings wat toegestaan kan word aan voorheen benadeelde individue, welke kortings onderworpe is aan sekere voorwaardes. In die geval van gelyke aanbiedinge vir dieselfde erf, sal die toekenning beslis word deur die opskiet van ‘n muntstuk.
10. Bodvorms moet op elke bladsy, in die toepaslike ruimte voorsien, deur die prinsipaal (koper) en twee getuies parafeer wees en op die laaste bladsy volledig onderteken word.
11. Bodvorms wat nie aan die voormelde vereistes voldoen nie, en of nie vergesel gaan met die vereiste stawende dokumente nie, sal nie oorweeg word nie.
12. Enige navrae in verband met hierdie kennisgewing kan gerig word aan die Senior Bestuurder: Korporatiewe Dienste, mnr. P. Strümpher by telefoonnommer 023-414-8020 gedurende kantoorure op Maandae tot Vrydae vanaf 07:30 tot 13:00 en 13:45 tot 16:15.

Notice is hereby given that the Local Council for Beaufort West hereby offer the under mentioned vacant residential erf for sale out of hand for the purpose of Residential Zone I development as stipulated in the Scheme Regulations applicable to Beaufort West:-

| **RUSTDENE** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Erf No.** | **Extent m²** | **Address** | **Minimum Price** | **Evaluation Cost** |
| 4492 | 426 m² | Renier Street | R15,000.00 | R120.00 |

The following conditions apply:-

1. The closing date is **FRIDAY 20 MARCH 2015** at **14:00**.
2. Bids must be submitted on the prescribed bid document which is available from the undersigned.
3. Bids must be submitted in a sealed envelope clearly marked "Vacant Erf: Erf 4492: Rustdene" at the Office of the Director: Corporative Services, 112 Donkin Street, Beaufort West or mailed to the Municipal Manager, Private Bag 582, Beaufort West.
4. The following will lead to immediate disqualification:-
   - 4.1 Bids submitted by e-mail, fax, telegraph or any other way than stated in paragraphs 2 and 3 above.
   - 4.2 Unsealed and or unmarked bids.
   - 4.3 Bids received/submitted after the closing time and date stipulated in paragraph 1 above.
   - 4.4 Bids not submitted on the prescribed bid document.
5. Each prospective buyer together with his/her direct family or any other legal entity of which the prospective buyer is the owner or majority shareholder will only be entitled to buy (1) one erf in the residential area. However prospective buyers will be allowed to submit a bid on more than one erf according to priority as stipulated on the prescribed bid document.
6. If prospective buyers neglect to indicate their choice of priority on the bid document the sequence of the erf numbers will be regarded as the choice of priority.
7. Prospective buyer's attention is drawn to the fact that an amount of R120.00 will be levied additional to the offered bid price being valuation costs.
8. Within one year from the date of sale, buyers are compelled to erect a dwelling with a minimum value of R100,000.00 on the purchased property.
9. Acceptance of bids will be done on the basis of the highest bid taking in to consideration certain discount to historically disadvantage individuals, which discounts are subject to certain conditions. In the event of an equal bid for the same property, the bid will be awarded by the tossing of a coin.
10. Bid forms must be signed on each page in the applicable space as provided, initialled by the principal (purchaser) and two witnesses and signed in full on the last page.
11. Bid forms which does not comply with the aforementioned requirement and or which are not accompanied by the required documentary proof, will not be considered.
12. Enquiries regarding this notice can be directed to the Senior Manager: Corporative Services, mr. P. Strümpher at telephone no. 023-414-8020 during office hours on Mondays to Fridays from 07:30 - 13:00 and 13:45 to 16:15.

Munisipale Kantore // Municipal Office
Donkinstraat 112 Donkin Street
**Beaufort-Wes(t)**
6970

**J. Booysen**
**Municipal Manager //**
**Municipal Manager**

[7/3/4/1/3/2] – 27.02.2015